
SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS




You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS



basic education

Department:
Basic Education
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## RELIGIESTUDIES V1

## NOVEMBER 2025

**PUNTE: 150**

**TYD: 2 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 12 bladsye.**

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit AFDELING A en AFDELING B.

2. AFDELING A: VERPLIGTEND
   AFDELING B: Beantwoord enige TWEE vrae in hierdie afdeling.

3. Lees AL die vrae aandagtig deur.

4. Begin ELKE vraag op 'n NUWE bladsy.

5. Die lengte van jou antwoorde moet ooreenstem met die punte wat aan elke vraag toegeken is.

6. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

7. Skryf netjies en leesbaar.



SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

## AFDELING A (VERPLIGTEND)

## VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommers (1.1.1 tot 1.1.10) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 1.1.11 D.

1.1.1 Die sentrale leringe van die Bahá'i-geloof is in die … vervat.

A Agtvoudige Weg
B Koran
C Kitáb-i-Aqdas
D Misjna Tora (1)

1.1.2 Die hoof van die Katolieke vertakking van die Christendom is …

A die Pous.
B Moses.
C die Dalai Lama.
D die Aartsbiskop van Canterbury. (1)

1.1.3 'n Staat van perfekte geluk en vrede:

A Ubuntu
B Nirvana
C Evolusie
D Reïnkarnasie (1)

1.1.4 Godsdienstige wette wat deur Ortodokse Jode gehoorsaam word, word … genoem.

A geloof in die Tora
B Genesis
C Halakhah
D leringe oor Jahweh (1)

1.1.5 Om aan tradisionele, konvensionele waardes vas te hou, word … genoem.

A Confucianisme
B dwaalleer/kettery
C Konserwatisme
D Sekularisme (1)

1.1.6 Alle godsdienste is weë tot die waarheid; hulle is almal ewe waar:

A Pluralisme
B Sinkretisme
C Eenheid
D Ideologie (1)

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za


This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

1.1.7 'n Abrahamitiese godsdiens:

A Boeddhisme
B Taoïsme
C Bahá'i-geloof
D Judaïsme (1)

1.1.8 Nie-aksie of moeitelose aksie in Taoïsme:

A Wu wei
B Pad/Weg
C Neijia
D Ghoeroe (1)

1.1.9 Die persoon wat die Profeet Mohammed ná sy dood in 632 AE opgevolg het, was …

A Abu Bakr.
B Hussein.
C Umar.
D Ismael. (1)

1.1.10 Die Nan Hua-tempel is die grootste Boeddhistiese tempel in …

A Afrika.
B Noord-Asië.
C die Verre Ooste.
D Tibet. (1)

1.2 Voltooi die volgende sinne deur die ontbrekende woord(e) neer te skryf. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommers (1.2.1 tot 1.2.6) in die ANTWOORDEBOEK neer.

1.2.1 Om baie gode te aanbid, word … genoem. (1)

1.2.2 Die afstammingslyn vanaf 'n voorouer tot by 'n persoon of familie word … genoem. (1)

1.2.3 Hierdie geestelike en fisiese oefening, wat spesifieke liggaamshoudings en asembeheer gebruik, word … genoem. (1)

1.2.4 Die oudste vertakking van Boeddhisme is … (1)

1.2.5 'n Aantal gode in 'n spesifieke godsdienstige tradisie staan as ... bekend. (1)

1.2.6 Om die evolusie van die heelal te bestudeer, staan as … bekend. (1)

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za


This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

1.3 Kies die woord(e) in ELKE lys hieronder wat NIE by die res pas NIE. Skryf die woord(e) langs die vraagnommers (1.3.1 tot 1.3.5) in die ANTWOORDEBOEK neer. Gee 'n rede waarom die antwoord NIE pas NIE.

VOORBEELD: Rooi, Geel, Sirkel, Blou
Antwoord: Sirkel
Rede: Die ander drie is kleure.

1.3.1 Hadj; Sudra; Zakat; Salat (2)

1.3.2 Anatman; Shunyata; Mikvah; Bodhidharma (2)

1.3.3 Monoteïsme; Politeïsme; Ateïsme; Teïsme (2)

1.3.4 uNkulunkulu; isangoma; Jahweh; Allah (2)

1.3.5 Kshatriya; Brahmaan; Karma; Waisja (2)

1.4 Kies 'n beskrywing uit KOLOM B wat by die term in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–G) langs die vraagnommers (1.4.1 tot 1.4.6) in die ANTWOORDEBOEK neer. MOENIE 'n antwoord meer as een keer gebruik NIE.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 1.4.1 Verbond/Gelofte | A iemand wat tot die diens van die verligting van ander is |
| 1.4.2 Heilsleër | B ander godsdienste is geldig, maar die volle waarheid kan slegs in sy of haar eie godsdiens gevind word |
| 1.4.3 Evolusie | C hierdie ritueel word uitgevoer om teëspoed/onheil te verwyder |
| 1.4.4 Bodhisattva | D 'n proses van ontwikkeling of groei |
| 1.4.5 Paai | E hoe die heelal ontstaan het |
| 1.4.6 Inklusiwisme | F 'n organisasie wat skuiling aan haweloses bied |
| | G 'n diep, plegtige belofte |

(6 x 1) (6)


SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

1.5 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Skryf 'waar' of 'onwaar' langs die vraagnommers (1.5.1 tot 1.5.6) in die ANTWOORDEBOEK neer. Gee 'n rede indien die antwoord ONWAAR is.

1.5.1 Getuig van die geloof dat daar geen God behalwe Allah is nie en dat Mohammed, die boodskapper van Allah, Ash-Shahada genoem word. (2)

1.5.2 'n Leerstelling/Doktrine is 'n stel oortuigings wat as absoluut waar en gevestig beskou word. (2)

1.5.3 Volgens Afrika Tradisionele Godsdiens het die geeste van die eerste geslag hemel toe gegaan toe hulle gesterf het. (2)

1.5.4 Die hervorming in die kerk is deur Martin Luther King Jr. begin. (2)

1.5.5 Iets wat in Hindoeïsme toelaatbaar is, word Kosjer genoem. (2)

1.5.6 Bahá'u'lláh is die stigter van Boeddhisme. (2)

1.6 In die konteks van godsdiens, skryf TWEE feite oor ELK van die volgende terme:

1.6.1 Verskille (2)

1.6.2 Eenheid (2)

1.6.3 Onsterflikheid (2)

**TOTAAL AFDELING A: 50**

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

**AFDELING B**

Beantwoord enige TWEE vrae in hierdie afdeling.

**VRAAG 2**

2.1 Noem enige TWEE unieke kenmerke van die volgende godsdienste:

2.1.1 Judaïsme (4)

2.1.2 Hindoeïsme (4)

2.2 Noem enige TWEE ooreenkomste van die volgende godsdienste:

2.2.1 Boeddhisme en Taoïsme (4)

2.2.2 Die Christendom en Afrika Tradisionele Godsdiens (4)

2.3 In die konteks van godsdiens, verduidelik en gee 'n voorbeeld van ELK van die volgende konsepte:

2.3.1 Vergelykbaarheid (4)

2.3.2 Tikkun Olam (4)

2.3.3 Gelykenis (4)

2.4 Verduidelik die verskil tussen *inkarnasie* en *opstanding.* Gee 'n voorbeeld van ELK. (8)

2.5 'Die Boeddha was menslik, nie God nie.'

Brei uit oor die stelling hierbo. (6)

2.6 Noem en verduidelik ten minste TWEE Ashramas (stadiums) van Hindoeïsme. (8)
**[50]**



SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

## VRAAG 3

3.1 Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**MEDIADEKKING VAN GODSDIENS IS 'GEBROKE' – WÊRELDWYE OPNAME BEVESTIG DIT**

Veteraan-godsdiensverslaggewer, Julia Bicknell, het 'n belangrike wêreldwye opname oor die mediadekking van godsdiens, wat in 2022 gedoen is, geanaliseer. Die doelwit van die studie was om te identifiseer hoe groot die globale aptyt vir 'n uitgebreide bespreking oor geloof in die media-spasie is.

Die navorsing is in twee dele gedoen. Eerstens is meer as 30 onderhoude met joernaliste in 17 lande gevoer. Die tweede deel het 'n aanlyn opname behels met meer as 9 000 volwassenes in 17 lande, Suid-Afrika ingesluit.

Die joernaliste met wie onderhoude gevoer is, het gevoel dat dekking van geloof en godsdiens swak en inkonsekwent is en meer gemarginaliseerd word. Hulle was bang om godsdienstige dekking 'reg' te kry, veral in grootliks sekulêre nuuskantore. Hulle het gesê dat daar 'n siening is dat 'godsdienstige' stories nie goed by 'harde' nuus pas nie. Dit is maklik om 'sagte' dekking te doen, byvoorbeeld van feeste, en dat die fokus van 'harde' nuus net kom op tye wanneer godsdiensleiers by omstredenheid of skandale betrokke is.

Onder die mense wat die aanlyn opname beantwoord het, het dit geblyk dat daar 'n groeiende gaping tussen godsdiensdekking en die behoeftes van die gelowiges was. Daar is 'n wêreldwye begeerte na beter dekking, begrip en verteenwoordiging van geloofkwessies in die hoofstroommedia.

Volgens Julia Bicknell is die huidige wêreldwye digitalenuus-ekosisteem, wat van *clickbait en omstredenheid afhanklik is, gebroke en het dit radikale opknapping nodig.

***Clickbait:** inhoud waarvan die hoofdoel is om aandag te trek en besoekers aan te moedig om op 'n skakel na 'n spesifieke webblad te klik

[Aangepas uit www.premierrunbelievable.com, 1 Oktober 2022]

3.1.1 Volgens die artikel, wat was die hoofdoelwit van die opname? (2)

3.1.2 In jou eie woorde, verduidelik wat Julia Bicknell bedoel wanneer sy sê dat mediadekking van godsdiens 'gebroke' is. (2)

3.1.3 Noem DRIE bevindings van die aanlyn opname met betrekking tot godsdienstige dekking in die media. (6)

3.1.4 Verduidelik wat *hoofstroommedia* is. (2)

3.1.5 Stel VIER redes voor waarom die media eerder 'harde' stories as 'sagte' stories verkies wanneer daar oor godsdienstige kwessies berig word. (8)

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

3.1.6 Verduidelik wat joernaliste bedoel met 'om godsdienstige dekking "reg" te kry, veral in grootliks sekulêre nuuskantore'. (6)

3.1.7 Godsdienstige stories is nuuswaardig wanneer dit negatief of skandalig is. Analiseer die gevolge wat sulke verslaggewing op die samelewing sal hê. (8)

3.2 Bespreek TWEE voordele en TWEE nadele van die gebruik van sosiale media deur godsdienstige organisasies. (4 x 2) (8)

3.3 Brei uit oor die verskillende maniere waarop godsdienste op negatiewe dekking in die media kan reageer. (8)
**[50]**



SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

**VRAAG 4**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**KONFLIK IN MIANMAR**

Die militêre regering wat gedurende die 1980's tot die 2000's Mianmar regeer het, het Birmaans en nasionalisme met Theravada-Boeddhisme gemeng en dit as 'n middel gebruik om hulle regmatigheid te versterk. Hulle het ook ernstig teen minderheidsbevolkings in Mianmar, soos die Rohingya-, Kokang- en Panthay-mense, gediskrimineer.

Die Rohingya is 'n Moslem- etniese minderheidsgroep wat al vir eeue in hoofsaaklik Boeddhistiese Mianmar (voorheen as Birma bekend) leef. Ten spyte daarvan dat hulle al vir baie generasies in Mianmar leef, erken die militêre regering nie die Rohingya as 'n amptelike etniese groep nie en sedert 1982 word hulle burgerskap geweier, wat hulle die wêreld se grootste staatlose bevolking maak. Zeid Ra'ad Al Hussein, die VN se Hoë Kommissaris vir Menseregte, het dit as ''n kenmerkende voorbeeld van etniese suiwering' beskryf.

Oproere het in 2012 tussen Rohingya-Moslems en Boeddhistiese Rakhines uitgebreek. Die Mianmar-regering het daardie oproere aangemoedig aangesien daar bewyse is dat Rakhine-mans van Sittwe met busse aangery is en messe en gratis kos gekry het om aan die oproere deel te neem.

Baie mense sê dat godsdiensverskille die skuldige party van die huidige krisis is. Die meeste Rohingya is Moslem in 'n land waar Boeddhiste in die meerderheid is. Baie prominente Birmese monnike het teen die Rohingya-mense gedraai. Hulle blokkeer humanitêre hulp en doen 'n beroep op sosiale en politieke uitsluiting volgens beginsels wat sommige mense met apartheid in Suid-Afrika vergelyk. 'n Boeddhistiese aktivistegroep, genoem '969', wat uit monnike en leke bestaan, speel die leidende rol in die aanslag teen die Rohingya. Baie van die internasionale media beskryf die Rohingya as 'n Moslem-minderheid wat deur die toedoen van 'n onverdraagsame Boeddhistiese meerderheid onder godsdienstige vervolging gebuk gaan (swaar kry).

Die Rohingya ly onder dekades van geweld, diskriminasie en vervolging in Mianmar. Meer as 1,3 miljoen mense is in 2023 in Mianmar ontwortel as gevolg van toenemende geweld ná die militêre oorname in Februarie 2021. Nog vlugtelinge en asielsoekers van Mianmar word in ander lande geakkommodeer, onder meer byna 1 miljoen staatlose Rohingya-vlugtelinge wat in Bangladesj woon.

[Aangepas uit www.unrefugees.org]

4.1 Wat is die vorige naam van Mianmar? (2)

4.2 Waarom, dink jy, het die militêre regering belangstelling in godsdiens getoon? (8)

4.3 Wat verstaan jy onder 'etniese suiwering'? (4)

4.4 Tot watter mate is dit 'n godsdienstige konflik? Gee redes vir jou antwoord. (10)

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

4.5 Gee redes waarom dit nodig is dat internasionale gemeenskappe by konflikte soos dié ingryp. (8)

4.6 Suid-Afrika is vry van godsdienstige konflik. Watter les kan ons land Mianmar leer om die konflik te beëindig? (10)

4.7 Dink jy dat die Mianmar-regering vir die konflik verantwoordelik gehou moet word? Gee redes vir jou antwoord. (8)
**[50]**



SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

**VRAAG 5**

5.1 Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**WESTERSE IDEES OOR GODSDIENSTIGE VERDRAAGSAAMHEID**

Moderne menseregte het in Europa ontwikkel in reaksie op die konflik orals in Europa wat deur die Protestantse Hervorming en die Katolieke Teenhervorming veroorsaak is. Diepsinnige Europeërs, onder andere baie diep godsdienstige mense, het tot die gevolgtrekking gekom dat die samelewing vreedsaam sou wees as mense en hulle leiers die beginsel van godsdienstige verdraagsaamheid sou aanneem. Dit het gelei tot die idee dat elke persoon vry moet wees om te glo wat hulle wil en om hulle standpunte openlik te stel sonder die bekommernis dat hulle vervolg sou word.

Dit was nie 'n proses wat oornag gebeur het nie. Terwyl baie mense in Europa dus besig was om te leer om meer verdraagsaam te wees, het ander uit Europa gevlug om aan vervolging te ontsnap. Hulle het in Amerika en die vorige Britse kolonies Suid-Afrika, Kanada en Australië beland. Veral in Amerika het die nuwe koloniste begin om 'n samelewing te vestig wat gebaseer was op meer godsdienstige verdraagsaamheid as wat hulle in Europa ervaar het. Ons kan hieruit aflei dat daar twee magte was wat Europeërs beïnvloed het om die idee van godsdienstige verdraagsaamheid voor te stel:

Wanneer jy deel is van 'n vervolgde minderheid, sal jy geneig wees om die idee van vryheid van godsdienskeuse en verdraagsaamheid te ondersteun. Wanneer jy ernstige godsdienskonflik ervaar, met geen wenner nie, sal jy geneig wees om die idee van godsdienstige verdraagsaamheid en vryheid van keuse te ondersteun.

[Bron: *Shuters Top Class Religion Studies Grade 12*]

5.1.1 Verduidelik wat met *godsdienstige verdraagsaamheid* bedoel word. (2)

5.1.2 Volgens die uittreksel, hoe het moderne menseregte in Europa ontstaan? (4)

5.1.3 Wat was die gevolg van die Hervorming? (4)

5.2 Godsdiensvryheid is 'n mensereg. Noem enige TWEE ander menseregte en bespreek die verantwoordelikhede wat met ELK geassosieer word. (8)

5.3 Bespreek praktiese stappe wat jy dink verskillende godsdienste kan volg om te verseker dat menseregte nie geskend word nie. (10)

5.4 Met verwysing na enige van die godsdienste wat jy bestudeer het, bespreek TWEE leringe wat ELK van die volgende bevorder:

5.4.1 Moraliteit (8)

5.4.2 Godsdiensvryheid (8)

5.5 Brei uit oor die doel van die Heilige Kantoor van die Spaanse Inkwisisie van 1478. (6)
**[50]**

**TOTAAL AFDELING B: 100**
**GROOTTOTAAL: 150**

SA EXAM PAPERS
Proudly South African